MTBS-SEKSIEBYEENKOMS
03 FEBRUARIE 2012 OP BELLVILLE STADION

INLIGTING EN ALGEMENE REëLINGS:

1. TOEGANGSGELD - <u>Kaartjies is by Hoërskool Stellenberg beskikbaar.</u>
Volwassenes – R10
Kinders – R10

Hoërskool Stellenberg-atlete en -leerders op die pawiljoen se kaartjies word deur die skool self betaal.

2. ETEKAARTJIES
Daar is etekaartjies vooraf te koop by die finansiëlekantoor.

Daar sal genoeg afsetpunte wees waar die kos tydens pouses afgehaal kan word. Daar sal ook 'n snoepie by die uitgangspunte agter die pawiljoen wees wat water, sap , skyfies en sjokolades sal verkoop. Vir die ouers sal daar ook op die walle twee afsetpunte wees om kos te kan koop. *<u>Die ouers moet ook, soos die leerders, vooraf koskaartjies koop.</u>*

Mega Hamburger	@ R20
Boereworsrol	@ R15
Skyfies (lekker "slapchips")	@ R10
Pizza (16cm)	@ R20
Corndogs	@ R10

<u>Kaartjies is beskikbaar tot 31 Januarie om 12:30.</u>

3. VERVERSINGS / BUITE-PERKE AREAS
Geen toeskouers word gedurende die byeenkoms op die pawiljoen toegelaat nie. U moet self u plekke op die graswalle rondom die stadion inneem en u eie stoele, sonsambreel ens. vir die doel verskaf. Slegs atlete en beamptes word op die atletiekveld toegelaat.

Verversingspouses vir Hoërskool Stellenberg-leerlinge is soos volg:
09:50 – 10:30 en 12:40 – 13:20.

Vir die res van die dag moet die leerlinge op die pawiljoen bly sit. Geen pawiljoen-leerder en atlete mag die byeenkoms **vroeër as 15:45 verlaat nie.**

Ouers, ondersteuners en toeskouers moet daarop let dat daar nie baie parkeerplekke by die Bellville-stadion is nie. Parkering noord van die Velodrome word sterk aanbeveel ten einde groot verkeersopeenhopings te voorkom. Geen parkering sal vir die publiek op die terrein by die westelike ingang van die Bellville-stadion en Velodrome toegelaat word nie. Toeskouers moet **asseblief nie op ongemagtigde plekke** parkeer nie.

4. TYE / PARKERING

* Leerders wat op die pawiljoen sit, moet om **06:00 reeds** hul plekke op die pawiljoen inneem. Hierdie leerders moet gebruik maak van die hekke aan die weste- en oostekant. **Pawiljoenleerders** moet in skooldrag geklee wees. Dit is **uiters belangrik** dat daar by hierdie tyd gehou word.
* Atlete moet alreeds om **06:10** by hulle spanbestuurders aanmeld by die suidelike ingang na die stadion.
* Optog van al die atlete begin stiptelik om **07:10.**
* Die prysuitdelingseremonie sal om **15:15** plaasvind.
* Die byeenkoms behoort teen **15:45 ten einde te loop**.
* Ouers is self verantwoordelik vir vervoer van leerders na en van die stadion. **Neem die verkeer in ag.**

Vriendelike groete

Heine van Dyk
Sportbestuurder